**Ons Ervaar die Presidentesaamtrek 2009 by Potchefstroom Dam**

**Deur Mel en Lettie Ueckermann (Streek Waterberg)**

Ons is al lede van SAWA vanaf 2002. Ons het al Nasionale Seniorburger-toere onderneem, kongresse en Ope NUBs bygewoon maar nooit 'Die Presidente' nie. In Februarie 2009, na die Oop NUB, neem ons die besluit om die 2009 Presidentesaamtrek by te woon.

By die aankoms by Potch-dam op 5 April 2009 saam met die Seniorburger Mini-toer het ons ervaring toe begin. Deur die jare het daar net negatiewe boodskappe na ons toe gekom oor die Presidente – dit is te opmekaar, dit is raserig, dit is nie lekker nie, ens!!!!! Nou was dit ons beurt om die ervaring mee te maak.

Laat ons dit nou onomwonde stel – die Presidentesaamtrek was vir ons net eenvoudig 'n belewenis. Ons het dit verskriklik geniet en van nou af sal ons elke negatiewe kommentaar oor die Presidente teenstaan deur ons ervaaring met ander SAWANTE te deel. Hoekom was dit vir ons so opbouend,

- SAWA bestaan uit en vir sy lede; hier kan 'n lid nie net sien nie maar ook die hartklop van die organisasie voel. Die familie-bande tussen lede word hier versterk.
- Die reuse opoffering en werk wat gedoen word deur die NUB kan hier waardeur word. SAWA is 'n groot organisasie wat deeglik en konsekwent bestuur moet word.
- Die rol van die President in SAWA word beklemtoon.
- Die kernwaarde van boekevat was hier uitgeleef; wat 'n voorreg om SAWANANTE te hoor lofliedere sing uit volle bors – jy voel somer deel van iets belangrik.

Ons wil dan ook graag die volgende onder lede se aandag bring.

- Al die reëlings was uitstaande
- Die oord self was baie netjies en die ablusie fasiliteite was regtig bo verwagting goed.
- Die boekevat en eredienste was inspireerend; die lofsang is iets wat beleef moet word.
- Die kermis Saterdagoggend het gewys dat daar niks kort by SAWANANTE as dit by ons fondsinsameling vermoê kom. Daar was lekker saamgewerk.
- Ons het gekuier – soveel so dat die naweek eenvoudig te kort was
- Ons het kans gekry om van die vorige NUB lede te sien en te gesels.

Ons gaan van nou af die Presidente elke jaar ondersteun. Ons kan regtig hierdie saamtrek aanbeveel aan elke lid van SAWA

**MEL en LETTIE UECKERMANN**
**14 April 2009**